

11 Julie

Filippense 4:2-9 (4:8)

Gedagtes ... gedagtes ...

Elke oomblik van ons lewe is daar 'n klomp gedagtes wat in ons koppe rondwoel. Baie keer is ons gedagtes deurmekaar. Soms betrap ons ons dat ons lelike en verkeerde dinge dink en dan kry ons diep binne in ons skaam oor wat ons gedink het. Omdat God die Heilige God is wat elkeen van ons se gedagtes ken nog voordat dit by ons opgekom het en 'n hele denkwêreld voor hom oopgevelek lê, kan ons nie maar dink wat ons wil nie. Nee, ons moet ons gedagtes rig volgens die beginsels wat Hy in sy Woord vir ons uitgestippel het. Alleen dan sal ons sy Naam heilig en Hom eer. Filippense 4:8 sê vir ons hoe ons gedagtes moet lyk. Kom ons onderstreep net drie gedagtekontoe: Dit moet volgens die waarheid, nie die leuen nie, wees - dit wil sê ons moet ons gedagtes plooi volgens die Woord van God, en daarom moet ons 'n deeglike kennis van sy Woord hê. Verder moet ons gedagtes edel wees - ons moet nêr die beste en mooiste gedagtes koester oor ander mense. Ons gedagtes moet rein, en nie vuil of onkuis nie, wees.

Ons gedagtes word uiteindelik woorde en dade. "Waar die hart van vol is, loop die mond van oor" (Matt 12:34). Wat in jou hart omgaan, bepaal jou hele lewe (Spr. 4:23). Vandag gaan jy weer baie dink. Jy gaan 'n opinie hê oor die mense wat saam met jou werk, oor hulle onder jou en dié in gesagsposisies bo jou. Jy gaan ook 'n opinie oor jouself hê. Streef daarna dat jy nêr dit wat mooi en reg en rein en edel is, bedink! Dit is wat God van jou verwag.

Dr. A.H. Grove (Klerksdorp-Noord)